



Voedingsbestuur vir doeltreffende vleisbeesproduksiestelsels

Francois van de Vyver, Nasionale Tegniese bestuurder, Herkouers, Nutrifeeds

fvandevyver@countrybird.co.za

018 011 8888 / 083 419 4562

Kobus Prinsloo, Tegniese adviseur, Herkouers, Vrystaat & Noordwes streek, Nutrifeeds

kprinsloo@countrybird.co.za

083 441 0213

Die wintermaande bied soos elke jaar die uitdaging om beeste so te oorwinter dat hul kondisie behou en langtermyn reproduksie doelwitte bereik kan word.

Weiding in die somerreënvalgebiede toon die hoogste voedingswaarde in die vroeë somermaande wanneer die primêre voedingsbeperking hoofsaaklik fosfor en areaspesifieke spoormineraalttekorte is. Soos wat die reënseisoen egter ophou en die jaar aanbeweeg na die kouer wintermaande, verander die voedingswaarde asook beskikbaarheid en verteerbaarheid van die weiding dramaties. Met meerjarige grasspesies, wat tipies in die suurder gedeeltes van die land aangetref word, is hierdie daling in voedingswaarde dramaties en 'n uitdaging. Nadat plante hul blomstadium bereik het, translokeer dit die vernaamste voedingstowwe na die wortelstelsel as 'n stoor vir die daaropvolgende groeiseisoen. Die materiaal wat bo die grond agterbly en beskikbaar is as voedingsbron vir weidende diere bestaan hoofsaaklik uit strukturele koolhidrate, in 'n gebonde vorm wat swak verteerbaar is. Die proteïenwaarde van die weiding is verder te laag om enige wesentliche diereproduksie te onderhou en dit is vandaar waar die praktyk kom om weiding as hooi te preserveer alvorens die gevorderde blomstadium bereik word.

Die strategie vir aanvulling behoort gefokus te wees op die beperkende voedingstowwe ten einde die verteerbaarheid en dus inname van die beskikbare materiaal te stimuleer gedagtig aan die bewaring van die veld.

'n Verdere uitdaging tydens die oorwintering van vee hou verband met die produksiestatus van die diere. By vleisbeeste wat tipies 'n maand voor die aanvangs van die reënseisoen kalf, val die strawwe winterperiode saam met die stadium waartydens die dragtige koei 'n hoë voedingsbehoefte het. Kalwers sal ook op die stadium reeds gespeen wees en 'n kritiese behoefte aan nutriente hê ten einde die volledige ontwikkeling en uitgroei van die diere te bewerkstellig.

Wat moet die benadering tot oorwintering dus wees?

Die doelwit behoort komplimentêre aanvulling te wees waar die beperkende voedingstowwe aangevul word ten einde die verteerbaarheid en inname van die weiding te bevorder. Hierdie doelwit kan bereik word deur die voorsiening van 'n winterlek wat hoog is in nie-proteïen-stikstof (NPN) soos ureum ten

einde die rumen mikroorganismes se stikstofbehoefte aan te voldoen. Sodoende word mikrobiëse aktiwiteit gestimuleer wat die kapasiteit vir veselvertering verbeter en dus lei tot die verhoogde inname van die swak kwaliteit weiding.

Hoe lyk `n voedingstrategie vir die suksesvolle oorwintering van vee?

Die sukses van oorwintering word reeds in die somer bepaal en is die aanbeveling dat die lekaanvullingsprogram vroegtydig en oordeelkundig uitgewerk moet word. Diere behoort die strawwe droë seisoen in `n aanvaarbare kondisie in te gaan en daarom behoort die lekprogram van so aard te wees dat dit ten alle tye voedingstekorte aanspreek, selfs in die stadium wat goeie kwaliteit weiding beskikbaar is. Dit is `n beproefde praktyk om Fosfor lekke soos **Nutrifeeds** se **Nutritub Fosfaat (V14996)** of **Nutri Lek Fos 6 (V8874)** in die somer op groen sappige weidings aan te vul ten einde voldoende groei en kondisie by die diere te bewerkstellig.



Sodra die weiding egter in kwaliteit begin afneem, soos gekenmerk word deur verhoogde innames van die fosfaatlek, is die aanbeveling om die diere stelselmatig oor te sit op `n lek wat benewens Fosfaat (P) ook proteïene bevat. Normaalweg sal hierdie oorgangslekkre reeds in die laat somer of herfs aan die diere beskikbaar gestel word en bevat dit minder ureum as `n tipiese winterlek. Die doel van oorgangslekkre is om die diere by die ureum aan te pas sodat kondisie en liggaamsmassa onderhou word. Hierdie

oorgangstek sal steeds P voorsien teen sowat 6-12 g P/bees/dag maar ook proteïen. Hierdie lek is aanvullend tot die weiding en sal geensins weidinginname vervang of tot substitusie lei nie.

Wanneer die weidingskwaliteit en hoeveelheid van so 'n aard raak dat die inname van die oorgangstek begin styg, is dit die teken dat die lek aangepas moet word eers na 'n volwaardige winterlek en dan later na 'n lek wat ook produksie kan ondersteun.



Nutrifeeds Winter 40 (V17401, N-FF1453) werk uitstekend vir die doel om weidinginname te stimuleer. Dit bestaan hoofsaaklik uit proteïen waarvan die oorgrote hoeveelheid vanaf 'n NPN-bron kom asook uit minerale van belang vir die onderhoud van die dier. Die aanbevole inname van die lek is tussen 375 en 750 g/bees/dag en bevorder die koste-doeltreffende oorwintering van vee wat nie hoë voedingsbehoefte het nie. Waar die behoefte bestaan vir 'n lek met hoër innames en verhoogde voedingsstofinname, word **Nutri Winterbreker 32 (V3342, N-FF1067)** egter aanbeveel, juis vir gebruik tydens die laat winter wanneer die beskikbare weiding of ruvoer beperk is. Sou diere egter in kondisie of liggaamsmassa afneem is dit raadsaam om na **Nutri Lek Produksie (V28671, N-FF3733)** oor te slaan.

Dit sal tipies die geval wees waar die vraag aan produksie nie alleenlik deur 'n winterlek voorsien kan word nie en voorsien die produksielek benewens proteïene ook energie, minerale en vitamïene.

Hoewel winters die mees uitdagende periode vir veeproduksie is, kan die lekprogram vir oorwintering nie in isolasie beskou word nie. Die benadering behoort 'n volledige lekprogram vir die hele jaar te wees en die kwaliteit en hoeveelheid van die weiding, asook die inname van die betrokke lek behoort die indikasie te wees vir die tipe lek wat gebruik moet word. In slotsom moet die lekprogram voldoende wees ten einde kondisie en produksie van die diere te onderhou en tweedens moet die lekprogram se doelwit altyd wees om die goedkoopste hulpbron naamlik weiding en ruvoer optimaal te benut.

Oorweging van Kruiervoeding as voedingspraktyk

Kruiervoeding is 'n praktyk waar 'n gebalanseerde rantsoen op so 'n wyse aan ongespeende kalwers voorsien word dat die koeie nie toegang daartoe het nie.



- Kruihokke van kalwers kan by die drink- en lekpunte opgerig word.
- Gewone kalfselfvoerders kan met 'n kruipraam toegerus word.

Doel van kruiervoeding

Die doel van kruiervoeding is om die las op die lakterende koeie te verlig vir 'n beter herkonsepsie sodat koeie vroeg in die daaropvolgende kalfseisoen kan kalf en/of om swaarder kalwers te speen. Kruiervoeding is ook voordelig om aan kalwers te voorsien wat bestem is vir voerkraalafroning of vir gebruik in sogenaamde "backgrounding" stelsels. Hierdie kalwers is reeds aangepas by voerkraalrantsoene en is ongeveer 3 weke voor onaangepaste diere in die voerkraal.

Groeipotensiaal van die kalf

Die kruiervoeding moet bestaan uit hoogsverteerbare voedingstowwe met 'n hoë proteïene, energie en minerale/vitamïene inhoud om optimale kondisie en spier- en skeletgroeie te verseker.



Ongebalanseerde kruipvoere met 'n oorvoorsiening van energie of te min proteien en minerale kan meebring dat kalwers klein vertoon.

Innames van kruipvoer

<i>Ouderdom (mnde)</i>	1 tot 2	2 tot 3	3 tot 4	4-5	5 tot 6	6 tot 7
<i>Kg/dag</i>	0.25	0.7	1.1	1.6	2.3	3.2
<i>Kg per maand</i>	7.5	20	33	48	70	96

Hoekom kruipvoeding?

1. Swaarder speenkalwers kan bemark word. Massatoenames van 1.00 tot 1.20 kg per dag is moontlik - meer kilogram vleis per hektaar geproduseer.
2. Goeie voeromsettingsdoeltreffendheid van die jong kalf en goedkoop massatoename en wins is 'n realiteit (*145 kg kruipmeel lewer 35 tot 40 kg massatoename*).
3. Dit is meer ekonomies om kalwers te voer as koeie, omdat die koeie eerder kondisie aansit as om meer melk te produseer.
4. Makliker speen van kalwers omdat die diere minder afhanklik is van hul moeders.
5. Indien speenkalwers kruipvoeding ontvang kan die gewig van koeie 35 kg swaarder wees met speen. Dit sal 'n positiewe effek hê op die daaropvolgende dekseisoen.

Kuipvoeding aan kalwers

Nutri Bees Maxi 33 kan aangewend word vir kruipvoer vir kalwers wat vanaf 3 tot 4 mnde ouderdom aan kalwers in kruitplokke voorsien word. Die vermenging van die konsentrate vir kruipvoer op veld is as volg (kg):

Produkte	Rantsoen 1	Rantsoen 2
<i>6302AM40 Nutri bees Maxi 33</i>	160	200
<i>5807AM50 Nutri Bypro 35 (NPN Vry)</i>	75	75
<i>6331am40 Nutrimol</i>	80	80
<i>Mieliemeel</i>	500	520
<i>Lusern</i>	100	-----
<i>Hooi/ruvoer</i>	50	125